

## HERTZOGVILLE WÉÉR DIE BESTE

2012-08-02 21:15

Christal-Lize Thomas

AGRI HERTZOGVILLE is vanjaar die vierde keer as Vrystaat Landbou (VL) se beste landbouvereniging aangewys.

Marius Groenewald, voorsitter van dié aktiewe vereniging met 139 lede, het Dinsdagaand op VL se jaarlikse kongres se aandgeselligheid gesê hul welslae is danksy harde werk.

Agri Hertzogville, wat deel is van VL se streek 13 in die Tokologo-munisipaliteit (Boshof, Hertzogville en Dealesville) is die grootste landbouvereniging in die provinsie. Hulle het dié titel van 2006 tot 2008 drie keer agtereenvolgens ontvang.

Bernard Maree van streek 15 in die Mantsopa-munisipaliteit (Excelsior, Ladybrand en Tweespruit) is as VL se beste streekverteenwoordiger aangewys.

VL het 'n oorkonde aan sy nuutverkose president, Dan Kriek, gegee vir sy uitsonderlike bydrae die afgelope agt jaar as bestuurslid.

Agri Hertzogville is as wenner aangewys vir sy aktiewe betrokkenheid by georganiseerde landbou en gemeenskapsprojekte, die bevordering van veiligheid en die verskaffing van opleiding aan sy lede, boervroue en plaaswerkers.

“Dis lang ure se harde werk en goeie kommunikasie,” sê Groenewald. Hy het ook sy vrou, Tania, vir haar bydrae as sekretaris van dié landbouvereniging geloof.

Volgens hom is Agri Hertzogville se geheim vir sukses hul nou betrokkenheid by hul lede en die interessante aanbieding van maandelikse landbouvergaderings. “Ons wil van krag tot krag gaan en nog beter vaar in die volgende jaar.”

Altesaam 20 streeksverteenwoordigers is vanjaar onder meer volgens hul betrokkenheid by VL se landboukomitees en die invordering van ledegeld beoordeel.

Maree, 'n heeltidse boer van die plaas Georgia by Excelsior, sê hy is trots en dankbaar dat VL jaarliks die beste streeksverteenwoordiger aanwys, omdat dit as aansporing vir jonger boere dien. “'n Mens moet 'n passie vir landbou en die gemeenskap hê.”

Maree, 'n lid van VL se uitvoerende komitee en dagbestuur, asook voorsitter van die Melkprodusente-organisasie (MPO) in die Vrystaat, sê sonder doeltreffende tydbestuur en die ondersteuning van sy gesin sou hy nie so doelgerig en eties binne die raamwerk van VL kon funksioneer nie. “VL se pad vorentoe is oop en ons moet dit net reg bestuur.”

- Volksblad

[Bron: [www.volksblad.com](http://www.volksblad.com)]